# Plaas die Sprankel

# Terug in u Huwelik

Jim Hohnberger

Kopiereg © 2003 deur
Jim Hohnberger

Alle regte voorbehou.

(Aangepas uit Empowered Living,
kopiereg © Pacific Press Publishing Assoc.,
Nampa, Idaho.  Met toestemming gebruik.)

Buitebladontwerp: Haley Trimmer

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# Plaas die Sprankel Terug in u Huwelik

## 'N GIDS TOT 'N CHRISTELIKE VERBINTENIS

Jim Hohnberger


INLEIDING ……………………………………………………………

1. VERLORE EN GEVIND ………………..............................................
2. STEEK DIE VLAMMETJIE AAN ………………………………..
3. SKOPPELMAAITYD ……………………………………………..
4. VERWYDER DIE DORINGS ……………………………………
5. CHRISTELIKE RIGLYNE VIR DIE HUWELIK……………

# I N L E I D I N G

*“Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee;  my oog sal op jou wees.”*

\- Psalm 32:8

Die moderne lewenswyse het baie veranderinge teweeggebring. Soos wat mans en vroue hulle vertroue in die materialistiese wêreld plaas asook die tegnologiese vooruitgang wat daarop gemik is om die lewe te vergemaklik en meer vervullend te maak, is hulle steeds gevul met ‘n gevoel van onvergenoegdheid.

Skrywer en spreker Jim Hohnberger en sy vrou, Sally, het die Amerikaase droom gelewe – ‘n suksesvolle besigheid, status in hulle kerk, en die gesogte besittings van vandag se moderne dolle gejaag.  Dit het egter hul huwelik beroof van ‘n opregte wandeling met God.  Hulle soektog na ware geestelikheid en die eenvoudige lewe het hulle na ‘n wilderniservaring gelei wat hulle lewens, hulle huwelik en hulle gesin hernieu het.

Hulle wy nou hulle lewens daaraan om mense te help om hulle uitgerafelde bestaan in ‘n pragtige tapiserie van ‘n volwaardige lewe te verander.  Deur hulle ondervinding kan u die krag van die evangelie in u huwelik ontdek.

Indien u probleme in u lewe ondervind sonder voldoende oplossings, verbly u daarin omdat God ‘n oplossing vir u het. “Ons kan ‘n volwaardige lewe leef, volwaardige huwelike verkry, en volwaardige gesinne geniet.  Dit het vir andere gewerk, en dit sal ook vir u werk.  Die keuse is u s’n.”

U *kan* verander.  Plaas die sprankel terug in u huwelik.

# H O O F S T U K 1
# VERLORE EN GEVIND

*“Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke.”*

- Openbaring 2:4,5

Vervolgens is die verhaal van Edwin en Maria, soos deur hulle vertel. Hulle verhaal is maar een van vele. Hulle het die pad byster geraak. Hulle huwelik was in die moeilikheid. Hulle moes ‘n visie van hoop vir hulle huwelik ontvang, ongeag hoe hopeloos dinge gelyk het. In die begin het hulle mekaar liefgehad, maar dinge was nie meer soos voorheen nie. Hulle liefde moes herstel word deur weer te vind wat verlore was.

*Maria* sê, “Edwin was so wonderlik. Selfs al was hy ‘n besige gesins-praktyk dokter, sou ek huistoe kom nadat ek die aandskof as ‘n verpleegster gewerk het en klein dingetjies vind wat hy gedoen het om my te help. Gedurende die eerste jaar van ons huwelik het ons mekaar skaars gesien, maar ek het myself nog baie geseënd geag om my te verbind het aan so ‘n vriendelike en bedagsame man.

“Uiteindelik het ek swakhede in my sogenaamde volmaakte metgesel gevind. Oor naweke wanneer ek van diens af was, het ek begeer om tyd alleen saam met hom deur te bring. Ek het begin om ‘n wrok te voel teenoor vriende en kerklidmate wie gelyk het asof hulle met my meegeding het vir sy tyd en aandag. Hy was ‘n ouderling in die kerk wat ons bygewoon het en het baie verantwoordelikhede gehad. Ons het elke week na kerk vir ‘n saamete gebly, het middagvergaderings gehad en was dikwels die laaste persone om huistoe te gaan.

“So baie het sy aandag geverg, en hy het dit nie weerstaan

nie, selfs al het ek heeltyd gesmag na meer tyd saam met hom. Een middag na kerk het ek al hoe kwater geword. Dit was ure na middagete, en een persoon na die ander het met hom oor kerk- of ander sake gepraat. Dit was so moeilik om geduldig vir hom te wag om saam met my huistoe te kom. Ek het probeer om myself besig te hou deur met die ander dames te gesels wat daardie dag daar was, maar wat ek regtig wou hê, was my man. Uiteindelik het ek my geduld verloor en besluit om iets te doen wat hom daar sou wegkry sodat hy saam met my huistoe kon gaan.

"Hy was in 'n lang gesprek met 'n ander ouderling van ons kerk betrokke, toe ek na hom gestap en hom beleefd probeer onderbreek het deur hom in te lig dat ek regtig huistoe moes gaan, deur te kenne te gee dat ek nie goed gevoel het nie. Ek het hom gevra of ons nou kon huistoe gaan, of indien hy dit verkies het, kon hy vir my die motor se sleutels gee en dan later 'n geleentheid huistoe vind … ek het nooit verwag dat hy laasgenoemde sou verkies nie. Die vriend waarmee hy gesels het, het aangebied om hom self huistoe te bring, en Edwin het dit aanvaar. Ek het die motorsleutels geneem en huistoe gegaan en het diep seergemaak en kwaad gevoel.

"Die negatiewe gevoelens wat ek die hele middag opgekrop het, het my oorweldig terwyl ek alleen huistoe gery het. Toe Edwin uiteindelik tuis gekom het, was ek kil teenoor hom en het nie gepraat nie. Aangesien dit egter nie my geaardheid was om my gevoelens te lank weg te steek nie, het ek weldra ontplof en my seerkry en woede uitgedruk."

*Edwin* sê, "Maria het regtig ontplof en dit is eie aan my temperament om meer passief as aktief in verhoudings te wees. Dit mag wees omdat ek groot geword het saam met 'n moeder, susters, niggies en nefies wat baie reguit was. Ek het die passiewe rol verkies, omdat dit makliker was om te weet wat 'n persoon gevoel het of wat die persoon wou hê deur slegs te

luister, en ek moes nie te hard werk of dinge deeglik bespreek nie. Ek wou hê dat mense van my moes hou, en daarom sou ek eerder ‘n vredemaker wees as ‘n konfronteerder. Ek sou ‘saam met die stroom gaan’ eerder as om te handel volgens beginsels. Om ‘n standpunt in te neem, moes vermy word indien dit sou beteken het dat die vrede versteur sou word. Om ‘n kompromie aan te gaan, was die antwoord. Dit was die eerste keer wat Maria baie ontsteld was met my. Sy was beslis baie reguit. Ek het dus om verskoning gevra en alles in my vermoë gedoen om die vrede te herstel.”

*Maria gaan voort,* “Ek het gedink dat dinge daarna anders sou wees met Edwin. Soos wat die maande verby gegaan het en ek begin het om dagskof te werk, het ek ontdek dat my behoefte aan intieme samesyn en kommunikasie met my man nie maklik bevredig kon word nie, selfs al was ons elke aand bymekaar. Hy was blykbaar nog steeds baie ingedagte, het dikwels klein dingetjies gedoen om my in die huis te help, maar dit het nooit gelyk asof hy tyd wou neem om sommer net by my te sit en genoeg te gesels om my tevrede te stel nie.”

*Edwin sê*, “Voordat ek en Maria getroud is, kon ek vir ure lees of na musiek luister. Ek het ‘n aktiewe verbeelding gehad en het dikwels gesmag om dit met opwindende verhale te voed – veral wetenskapsverhale. Indien iemand my geskakel het, het ek bedagsaam gereageer, maar het selde self ‘n oproep gemaak. Ek het vriende verkies wat my aanvaar het soos ek was en wat nie probeer het om my te verander nie. Ek kon verander tussen ‘n introvert en ‘n ekstrovert. Wanneer ek alleen of saam met my familie was, sou ek my eie ding doen, maar wanneer ek dit verkies het, kon ek ook die siel van die partytjie wees.

“Maria het dieselfde behandeling van my in ons huis ondervind. Ek het nie omgegee om huiswerk te doen nie. Ek het dikwels die skottelgoed vir haar gewas, die vloere gestofsuig, of

af en toe die badkamers skoongemaak. Ek was dikwels in die moeilikheid by my mansvriende, omdat hulle vrouens na my behulpsaamheid sou verwys as 'n voorbeeld vir hulle. Maria se vriende het haar altyd beny. As gevolg hiervan het Maria my gebrek aan kommunikasie verdra. Sy wou kommunikeer. Ek wou lees. Sy wou elke geleentheid gebruik om te deel. Ek wou ongesteurd na die nuus luister, 'n nuustydskrif lees, TV kyk, of op die rekenaar werk. Ek het dit baie moeilik gemaak om intiem te verkeer."

*Maria sê*, "Alhoewel ek nooit tevrede gevoel het nie, het ek mettertyd Edwin se gedrag as 'normaal' aanvaar vir sy persoonlikheid. Ek het geredeneer dat hy baie goeie eienskappe gehad het wat daardie waarvan ek nie gehou het nie, oortref het. Ek het nog steeds myself as gelukkig getroud beskou, maar het hegter vriendskappe met ander vrouens gesoek om my behoefte om te deel, te bevredig."

*Edwin sê*, "Maria was dronkgeslaan deur my gedrag, maar almal het gedink ek was wonderlik en het dit vir my gesê. My pasiënte het my bekwaamheid bevestig, mense by die kerk sou my loof, en vanselfsprekend het ek meer van daardie tipe aandag gesoek! Ek was altyd beskikbaar vir andere. Met die verloop van tyd het Maria al hoe meer ontevrede geword. En ek het meer passief geraak in ons verhouding. Ek het nie geestelike sake 'n werklike prioriteit gemaak nie.

"Ons geestelike lewens bestaan nie in 'n lugleegte nie. Dit is deel van die werklike lewe en gevul met 'werklike lewe' probleme, en een van ons probleme was geld. Al het ek 'n goeie inkomste as dokter verdien, het ons dieper en dieper in die skuld verval. Ons het geweet dat die Here nie wou hê dat ons skuld moes hê nie, maar ons was nie regtig seker wat om te doen nie. Een oggend terwyl Maria gaan draf het, het sy 'n klein huisie in ons omgewing gesien wat te koop was. Miskien was hierdie die Here

se antwoord op ons skuldprobleem, het sy gedink. Ons het besluit om dit te koop en ‘n paar weke later het ons van ons 350 vierkante meter huis na hierdie klein 110 vierkante meter huisie met motorhuis verhuis. Die klein huisie het slegs die helfte gekos van wat die groot huis gekos het!”

*Maria sê*, “Edwin het saamgestem met my idee om ‘n kleiner huis te bekom, maar ons ouers en ons vriende het gedink dat ons die kluts kwyt is. Wat hulle ookal gedink het, was die klein huisie op baie maniere vir ons ‘n seën. Dit was soveel makliker vir my om dit netjies te hou, en het ons op ‘n eenvoudige manier geleer dat minder in werklikheid meer was. Al die goed wat nie maklik in die huis sou pas nie, was in die motorhuis gebêre. Soos wat die maande verbygegaan het, het ek daaraan gedink dat ek nie eers kan onthou wat in die motorhuis was nie. Dit was so volgepak dat ek nie eers kon gaan om te kyk wat daar was nie. Ons het daardie goed nie nodig gehad nie. Ons het dit nie eers gemis nie.”

*Edwin së*, “Ek het vir ‘n geruime tyd opmerk dat Maria graag nader aan God wou leef. Alhoewel ek ook verlang het na iets beter as wat ons gehad het, het ek nie dieselfde geestelike honger ervaar nie en ek het gevoel dat sy my geestelik vooruitgaan. Soos gewoonlik het ek die skyn bewaar en haar nie laat agterkom dat ek mismoedig en afsydig was nie.”

*Maria sê*, “Edwin het gemaak asof hy tevrede was met die veranderinge wat ek wou hê en hy het sekerlik nie omgegee om nie meer so ‘n groot paaiement op die huis te betaal nie. Miskien was ek nie bewus van al Edwin se worstelinge nie, maar ek het geweet dat alles nie wel was nie Ek wou graag hê dat my man die geestelike leier in die huis moes wees. Hy het begin om die inisiatief te neem, maar in retrospek, besef ek dat ek een van die grootste struikelblokke was waarom Edwin nie die leiding geneem het nie, omdat ek sy pogings sou kritiseer en probeer het om hom

te laat lei soos wat ek gedink het hy dit moes doen.

"Ons het 'n Bybelstudiegroep saam met 'n paar van ons beste vriende begin. Een van die onderwerpe wat ons gekies het om te bestudeer, was om in 'n landelike omgewing te woon. Dit het vir ons gelyk asof God se ideaal vir sy kinders was om nie in 'n digbevolkte stad te woon nie, maar om eerder in landelike gebiede te woon, waar die skeppingsdade beskou en die gedagtes hemelwaarts gelei kon word. Ons vriende het gevoel dat hulle 'n geloofstap moes neem en het besluit om hulle huis te verkoop. Die Here het hulle geseën en die pad vir hulle geopen om te verhuis. Binne maande het ons hulle gehelp om die meubelvervoerwa te pak.

"Ek het gesmag om ook in 'n landelike omgewing te wees, en soos wat my verlangens toegeneem het, het Edwin ingestem om ons huis te verkoop, maar hy was skepties en logies kon ek nie fout vind met sy redenasie nie. Ons was slegs 'n jaar in ons klein huisie, en Edwin was seker dat ons nie ons geld na so 'n kort tydjie sou terugkry nie."

*Edwin sê*, "Maria was so gretig om na die platteland te verhuis, maar ek was nie so seker dat dit die regte tyd vir ons was nie. Huise in ons omgewing het nie verkoop nie, en eerder as om haar versoek te weier en haar teleur te stel, het ek gedink dat ek dit te koop kon aanbied en dan sou ek vir 'n rukkie veilig wees. Ons het die huis op 'n Sondag in die mark geplaas, maar ek het geweier om 'n kennisgewing op die grasperk te plaas. Ek was ook gladnie van plan om enigiemand by die werk te vertel dat ek beplan om na die platteland te verhuis nie. Dit was verseker! Die Dinsdag het 'n eiendomsagent iemand gebring om na ons huis te kom kyk. Hy kon nie 'n slegter tyd gekies het nie. Ons het sopas 'n swaar bui reën gehad en die dak het sleg begin lek! Die mense het gekom en gegaan. Hulle kon nie help om die probleem vir hulleself raak te sien nie. Hulle sal nie belangstel nie, het ek

gedink.

"Maria het my Woensdag by die werk geskakel. Dit het gelyk asof die mense wat na die huis kom kyk het, belang gestel het. Hulle eiendomsagent sou daardie aand kom met 'n aanbod. Ek sal eerlik wees, ek was nie baie gelukkig met die nuus nie! Ek was nie gereed dat dinge so vinnig moes gebeur nie! Ek het tuis gekom net toe ons eiendomsagent ook daar aangekom het. Ek het aan hom gesê dat ons nie sou verkoop, tensy die kopers ons 'n spesifieke bedrag aanbied nie en dat hulle die huis ook moes neem sonder dat die dak herstel moes word! Maria was ongemaklik met my bondige stelling. Sy het gevoel dat ek dit onmoontlik gemaak het vir die huis om verkoop te word – en dit was wat ek wel wou doen!

"'n Paar minute later het die kopers se eiendomsagent opgedaag en voortgegaan om die presiese bedrag te noem wat ek sopas aan ons eiendomsagent genoem het. Die kliënt wou nie eers gehad het dat die dak herstel moes word nie, aangesien hulle beplan het om dit te verwyder om 'n tweede verdieping te bou. Ons eiendomsagent se mond het oopgeval, en myne ook. Ek kon my ore nie glo nie. Ek het toegegee. Die Here was hierby betrokke. Daar was geen manier hoe ek dit verder kon teenstaan nie. Ek het geleer om God nie uit te daag nie, tensy ek bereid was om op te tree wanneer Hy opregte of selfs halfhartige gebede beantwoord wat volgens Sy wil is."

*Maria sê*, "Edwin kon teleurgesteld gewees het, maar ek was in die wolke. Ons het na 'n pragtige ou huis in Michigan, VSA verhuis. Die huis het herstelwerk en verbouings nodig gehad, maar dit was geleë op 'n rustige 40 akkers lieflike woude en heuwels. Die teenwoordigheid van die Here kon maklik in hierdie gebied gevoel word, maar spoedig was ons te besig om dit ten volle te kon geniet.

"Nadat Edwin en ek verhuis het, het ek begeer om werklike

veranderings in ons gesin teweeg te bring en om die beginsels van ware Christelikheid toe te pas. Soos wat die maande verby gegaan het, het ek gevoel dat ons nie regtig enige vordering maak nie, en ek kon nie my vinger op die rede daarvoor plaas nie. Ons het ‘n gesinskampvergadering bygewoon wat deur “Restoration International” geborg was. Die dienste was wonderlik, en ek het geïnspireerd huistoe gekom, gereed om sukses te behaal, maar dit het nog steeds gelyk asof ons net klein treetjies vorder.”

*Edwin sê*, “Maria was dalk geïnspireer, maar ek was verseker nie. Ek het, in my gedagtes, die kampvergadering sprekers op voetstukke geplaas en deur dit te doen het ek onbewustelik die ondervinding waarvan hulle gepraat het buite die bereik van gewone mense soos ek geplaas. Maria was weer eens besig om op haar eie te probeer, en soos gewoonlik het ek nie gedeel wat werklik in my hart aangegaan het nie.

“Later daardie jaar het ons die verlies van ‘n kind in die gesig gestaar as gevolg van wat aanvanklik vermoed was om ‘n kankeragtige gewas te wees. God was genadig en die oorspronklike diagnose was verkeerd, maar dit het ons skerp laat fokus op dit wat vir ons die belangrikste was.

“Ek het betrokke geraak by baie aktiwiteite in ons nuwe omgewing en nou het ek besef dat ek dit moes prys gee sodat ek op my gesin kon fokus. Dit het ‘n krisis geneem om my aandag te trek, maar nou het ek geweet wat ek moes doen. Ek het bedank as lid van die plaaslike hospitaalraad, ek het uit komitees bedank, en ek het alle aktiwiteite bedank wat my in die aande van die huis af weggehou het. Ek het in my dagboek geskryf, ‘Ek is oortuig dat ek ernstige groei in my geestelike lewe nodig het. Op die huidige tydstip is ek deur God geroep om in my eie huis te dien. Ek is nie deur God geroep om op die huidige tydstip in die gemeenskap of selfs in die gemeenskap van gelowiges te dien

nie. Ek sal nie met God stry nie. Ek kan nie aan enige uitreikprogram deelneem totdat God my toestemming gee om dit te doen nie. Dit is teenstrydig met my begeertes, want ek hou baie daarvan om dit te doen, maar ek is van voorneme om die Here te dien. Ek het myself op hierdie weg geplaas en ek sal nie afwyk nie, selfs ten koste daarvan dat ek die liefde en aanvaarding sal verloor van diegene wat ek hoog ag. Dit is my stryd.' My bedankings was nie almal goedgunstiglik ontvang nie, en dit was 'n baie moeilike ding om te doen, maar ek het toe geweet en ek weet dit nou dat dit die regte ding was om te doen!

"Ons het die volgende jaar se gesinskampvergadering bygewoon, en watter vreugde het in die komende jaar op ons gewag. Ek het my gevoelens van geestelike minderwaardigheid bely, en vir die eerste keer het Maria besef waarmee ek geworstel het. Skielik het ek meer as enigiets anders begeer om die ondervinding met God te verkry waarna ek gesmag het."

*Maria sê*, "Sjoe! Na daardie kampvergadering was dit asof ek 'n ander man gehad het. Edwin was skielik betrokke by al ons probeerslae, en ons gesin het met rasse skrede gegroei. Hy het meer en meer probeer om sy tyd saam met ons te koester.

*Edwin sê*, "Gedurende die somer van 1997 het ons in Nieu-Mexiko, VSA gaan kamp, betower deur die skoonheid van die woudgebergte het ons dikwels gepeins oor hoe dit sou wees om in daardie omgewing te woon. Ongeveer op hierdie tydstip het ek gevoel dat die Here my wegroep van die konvensionele mediese praktyk. Ek was nie seker wat ek sou doen indien die Here die weg vir my sou oopmaak. Die volgende jaar het ons weer wes gereis om die moontlikhede te ondersoek. Ons het eiendomsagente besoek en oor eiendomme gesels. Ek kon sien dat my vrou en kinders opgewonde was en aan die proses deelgeneem het, tog het ek gevoel dat dit meer geloof geverg het as wat ek gehad het. En soos gewoonlik, was ek nie gereed om

dit aan enigiemand te erken nie.

“Dit was die dag voordat ons moes terugkeer huistoe. Ons het uitgekamp naby ‘n pragtige meer, omring deur heuwels. Maria wou die sonsondergang sien en daarom het sy voorgestel dat ons dieper in die woud inry en ‘n beter plek vind. Ons het verder en verder gery, in ‘n sirkel wat ons uiteindelik weer sou terug neem na die hoofpad. Terwyl ons gery het, het ons agter gekom dat ons deur groter sneeubedekte areas ry. Toe het ons by ‘n klein heuweltjie gekom en vasgeval. O, nee, het ek gedink. Hier sit ons, vasgeval in die middel van ‘n nasionale woud, kilometers van enigiets, met geen hulp tot die lente nie! My gesin het gedink dat dit ‘n groot avontuur was, maar ek was nie gelukkig nie!

“Ons het onsself gereed gemaak vir die nag, warm, versadig en met skuiling, maar vasgekeer. Ek het nie goed geslaap nie. Ek het die grootste gedeelte van die nag geworstel en probeer dink aan ‘n oplossing en myself verwyt omdat ek ‘n pad gevolg het sonder om te weet wat die toestande was.

“Toe die oggend aangebreek het, het ek met die Here begin praat, maar wat die duidelikste in my geheue uitstaan, is die vraag wat Hy vir my gevra het, Vertrou jy My?

“Wanneer God so ‘n vraag vra, kan jy nie lieg nie. Nee, Here, Ek dink ek vertrou U nie. Dit het my hart gebreek. Ek het myself ‘n Christen genoem, ek was as ‘n Christen gebore, ‘n sendeling se kind, ‘n predikant se kind. Ek was ‘n geordende ouderling. Ek het gepreek en onderrig gegee, maar die waarheid was dat ek God nie ten volle vertrou het nie. Ek moes in beheer wees.

“Daardie belydenis van ongeloof, was die begin van ‘n dieper verhouding vir my. Na dagbreek het ons ontbyt geëet, ons motor uitgegrawe en uit die woud gery en toe terug huistoe. ‘n Week later, terwyl ek besig was met my persoonlike godsdienstyd met

die Here, het ek bekommerd die moontlikhede daarvan oorweeg om te verhuis. Wat sou ek doen? Wat van ‘n huis? Waar? Wanneer? Hoe? Die vrees vir die onbekende het my in die gesig gestaar. Ek wou geloof hê, maar ek het dit nie gehad nie. My neiging was om enige besluit uit te stel totdat ek elke opsie ten volle ondersoek het, en dus geen ruimte laat vir ‘n geloof-gebaseerde keuse nie. Weer eens het daardie bekende vraag in my gedagtes weerklink. Vertrou jy my?

“Ek het my besluit gemaak, ongeag my gevoelens. En voordat ek van gedagte kon verander, het ek aan my opgewonde gesin gesê dat ons Nieu-Mexiko toe gaan verhuis. Ons woon nou ‘n paar kilometer van daardie onvergeetlike plek waar ons in die sneeu vasgesit het.”

*Maria sê*, “Ek en Edwin is oor niks spyt nie. Ons woon nou al vir meer as ‘n jaar in hierdie afgeleë omgewing, en die moeilikhede en probleme wat ons hier ervaar het, was moeiliker as ooit. Daardie moeilikhede het die lewe van afhanklikheid van God wat ons graag wou hê, laat ontstaan. Dit was wonderlik om die woude saam te ontdek. Ons huisie op die bergtop kyk uit oor ‘n diep kloof waar elande in die herfs wei en roep. Ons het vriende gemaak met ‘n kolibrie wat by ons venster in- en uitvlieg en uit die voerder eet wat op ons tafel vir hom geplaas is. Die kinders geniet hierdie aktiwitiete en baie, baie meer. Deur God se genade het ons mekaar opnuut ontdek, en ons kinders hou daarvan om saam te wees. Saam leer ons om te wandel, oomblik na oomblik, ten volle oorgegee aan die wil van God. Hy het ons huwelik geneem – ‘n goeie huwelik gemeet aan wêreldse standaarde – en dit baie beter gemaak. Hy het dit volgens die hemelse model hervorm en ons sal vir ewig dankbaar wees!”

# H O O F S T U K 2
# STEEK DIE VLAMMETJIE AAN

*“Bewaar my soos ‘n oogappel; verberg my in die skaduwee van u vleuels.”*

- Psalm 17:8

In hierdie afdeling sal u leer om praktiese stappe te neem, om weer van voor af u egmaat die hof te maak. Almal wat al ooit verlief was, het iemand se hart ten minste eenkeer gewen, en u kan dit weer doen. Dit vereis nie jeug of skoonheid om die pleitstem van u maat se hart te beantwoord nie, soos wat u sal sien in die geval van my en my vrou.

Nadat ek en Sally ons huis en besigheid in Wisconsin, VSA, verkoop het en na die wildernis verhuis het, was ons verbaas oor die baie lesse wat ons geleer het. In die werklikheid van daardie omgewing, het ons die toepassing van beginsels op ons geestelike lewe nie slegs duideliker verstaan nie, maar dit was ook makliker om te implementeer. Ons lewe in die wildernis was so bevredigend op elke vlak – fisies, verstandelik en geestelik – asook so bevorderlik vir groei in ons huwelik en gesin dat ek moeite het om genoegsame woorde te vind om dit te beskryf. Van al die lesse wat in daardie eerste jare geleer is, is daar geen met ‘n breër toepassing of meer praktiese trefkrag as die wat ons van ons ou kookstoof geleer het nie.

Ons houthut het ‘n regte kookstoof nodig gehad, en terwyl ons die beste begeer het, kon ons slegs ‘n gebruikte stoof bekostig. Nadat ons ‘n rukkie rondgesoek het, het ons ‘n gebruikte Majestic kookstoof gevind wat byna vyf-en-tagtig jaar oud was. Ek weet dat baie min van my lesers ooit ‘n hout kookstoof gebruik het, so laat my toe om te verduidelik. Na my

mening was die Majestic wat ons gevind het, op sy dae, ‘n topgehalte stuk toerusting met sy pragtige chroomafwerking.

Die toevallige waarnemer sou dalk nie met hierdie hoopvolle evaluering saamgestem het as hulle die ou stoof gesien het toe ons dit gekry het nie. Dit was vol roet, klewerige vet en gewone vullis en roes. Dit het my ‘n maand geneem om dit skoon te kry. Eerstens moes ek die roet afkrap. Toe moes ek aan die roes werk. Ek het daardie ou stoof geborsel, geskraap, gevyl, geskuur, en gepoleer. Ons het die gedeeltes wat oorgeverf moes word geverf, en het ‘n waterhouer daarvoor gemaak sodat dit warm water aan ons kon verskaf. Uiteindelik was dit in ons huis geïnstalleer, glinsterend met sy nuwe verf en gepoleerde chroom. Alhoewel ek dit nie geweet het nie, was daardie stoof bestem vir groot dinge.

Dit was slegs ‘n koue stuk staal, maar met ‘n vuur daarin aangesteek, het dit ons hele huis verhit. Die kos wat daarop gekook was, was uitstaande, en onbeperkte warm water was beskikbaar uit hierdie dienskneg wat nooit moeg geword het nie. Ek het ‘n droograk bokant die stoof gebou en die ou Majestic het ook ‘n voedselontwateraar geword. In die bitter koue Montana, VSA, winter, kon jy inkom van ver onder vriespunt buite en langs die stoof staan met hittegolwe wat jou soos die arms van ‘n vriend omsirkel het. Wanneer my voete koud geword het, kon jy niks vergelyk met die warmte wanneer jy hulle naby die stoof gehou het nie. Ek kon nie eers raai hoeveel keer ons van een of ander avontuur buite in die sneeu ingekom het en ons nat boklere naby die stoof gehou het, wat sonder om te kla, hulle warm en droog gehad het teen die tyd wat ons weer gereed was om na buite te gaan.

Daardie ou kookstoof het die enkele belangrikste stuk gereedskap in ons wildernishuis geword. Ons kon nie eet, bad, of selfs warm bly daarsonder nie. Ja, daardie ou stoof het hom

goed gedra, maar dit beteken nie dat dit geen eise gestel het nie. Ek het gou geleer dat van die vyf soorte hout wat rondom my in Montana gegroei het, die stoof baie beter gewerk het met een as met al die ander. Ek het probeer om dit te voorsien van die hout wat dit gehelp het om die beste te funksioneer. Van die behoeftes van die stoof het ek begin verstaan dat my verhouding met die meisie met wie ek getrou het, baie soos daardie stoof was. Indien ek 'n huwelik wou hê wat op sy beste funksioneer, moes ek die beste brandstof voorsien vir die vuur van daardie spesiale persoon met wie ek getrou het.

En so het 'n tydperk van twintig jaar begin waarin ek my huwelik weer in oënskou moes neem. Langs hierdie weg het ek die voorreg gehad om honderde paartjies van raad te voorsien en 'n begrip te kry van die verskillende tipes brandstof wat hulle huwelike nodig gehad het om suksesvol te wees en te blom. Die beginsels wat ek gaan deel, is Bybel-gebaseer en prakties. Ek sou nalatig wees indien ek nie hier die werk erken van Gary Chapman wat 'n meesterlike taak verrig het met die aanbieding van hierdie beginsels in sy boek *The Five Love Languages* (Northfield Publishing, 1992).

Die meeste van ons sou nie daarvan hou om dit te erken nie, maar liefde, ten minste die vervullende lang-verwagte, sielsbevredigende tipe liefde, is net so skaars as reën in 'n woestynland. Die meeste van ons kyk na ons maats en daar is so baie wat ons graag sal wil verander. O, sommige van ons egmaats probeer om die vuur in ons harte te voed, maar hoeveel van ons verlang na die regte hout? Sommige voorsien ons van dennehout wanneer ons eerder sparhout wil hê. Sommige voed ons, maar dit is nie gesout nie – groen en onsmaaklik. Ons neig om weg te draai van dit wat kon wees, van die ware verlangens van ons harte. Ons kyk na die positiewe dinge in ons egmaat en probeer onsself oortuig dat hierdie meer saak maak as die regte

brandstof. Ons proes en rook deur die lewe en kry swaar om die vuur aan die gang te hou, wanneer dit soveel makliker sou wees met slegs ‘n klein bietjie van die regte verbrandingsbestanddeel.

Die meeste van ons probeer regtig om die vlammetjie aan te steek, of ons het ten minste probeer totdat ons gefrustreerd opgee. Waarom misluk ons? Omdat ons die perspektief verloor wat ons gehad het toe ons mekaar die hof gemaak het. Almal van ons weet daar is meer as een manier om te sê “Ek het jou lief,” en op een of ander stadium weet ons dat hierdie spesiale persoon in wie ons belangstel die beste reageer op een van daardie maniere – daardie brandstof, indien u verkies. Wanneer u mekaar oorspronklik leer ken, probeer u instinktief enige beskikbare tipe hout om die vlam van u maat te voed. Sommige werk beter as ander, en ons leer gou waarvan hulle hou en wat hulle geniet, maar nadat ons met hulle getroud is, hou ons op om daardie spesiale aandag te gee en keer onbewus terug na ou gewoontes van dink en optree. Hoe ontdek ons dus ons egmaat se spesiale area van vervulling?

U weet, daar was altyd aan my gesê dat die wittebrood spoedig verby sal wees en na ‘n jaar of twee van ons huwelik sal die sprankel verdwyn en sal dit net soos al die ander huwelike word. Met die verloop van tyd, het my ondervinding die woorde van hierdie doemprofete bevestig. Toe ek egter die beginsels wat ons in hierdie hoofstuk gaan bespreek, ontdek het, het ek gevind dat die gevoelens wat ek vir my Sally gehad het gedurende ons hofmakery en wat weens verwaarlosing gesterf het – my verwaarlosing – weer opgevlam het. Ek het uitgevind dat huweliksliefde nie koud, formeel, afgesaag, en kalm hoef te word nie. Vandag voel ek die warmte van die liefde vir daardie meisie met wie ek getrou het sterker as toe ons uitgegaan het, en u kan dit ook ervaar, deur te ontdek wat u egmaat nodig het en dan ‘n poging aan te wend om te verseker dat hulle dit ontvang. Dit

werk na beide kante – vir mans en vrouens. U egmaat verlang dat u die regte brandstof voorsien. Sal u dit doen? Mans, kla julle en dink, Wat moet ek nou doen? Benodig u ekstra motivering? Ek sal ‘n geheim deel wat ek deur ondervinding geleer het. Dit is onmoontlik om meer te gee as ‘n vrou! Hoe meer u vir haar gee, hoe meer gee sy terug in groter-wordende golwe van liefde. Dit is ‘n belegging in haar geluk sowel as in u eie, en sal dividende betaal ver meer as die van enige aardse belegging.

Laat ek u egter die volgende waarskuwing gee: indien ons sensitief is vir die leiding van die Heilige Gees in ons lewe en op Sy leiding reageer oor wanneer en hoe om hierdie kennis aan te wend, sal ons ‘n huwelik ervaar ver bo ons hoogste verwagtinge. U huis kan in werklikheid ‘n klein stukkie hemel op aarde word, waar vrede en harmonie heers. Ek begin om dit te ervaar met die meisie wat ek liefhet, met my Sally, en omdat ek haar so goed ken, laat ek met haar begin en met die brandstof wat sy nodig het.

Sally floreer op aanmoedigende woorde en komplimente. Hierdie woorde kos ons so min en tog kan hulle so baie doen, veral wanneer hulle onder die leiding van die Gees geuiter word. So dikwels dink ons dat dit een of ander groot ding is wat ons egmaat nodig het om vervul te word, maar die reël in al hierdie areas is “bietjies aandag,” dikwels. Dit is wat my houtstoof nodig het, en so ook diegene wat ons liefhet. Ons fokus hier op ons egmaats, maar hierdie beginsels werk ook net so goed met ons kinders, ons ouers, en ons familie en ons vriende. Om opregte komplimente te gee, vereis dat self onttroon moet word en dat ons ‘n houding van dankbaarheid teenoor ander moet ontwikkel. Byvoorbeeld, selfs vandag, terwyl ek hierdie woorde geskryf het, het Sally ‘n nuwe omslag om die foto-album gesit wat ons saam met ons neem wanneer ons afsprake vir toesprake het. Hierdie albums word baie hanteer omdat mense van nature nuuskierig is

oor ons huis en lewenstyl, en die ou omslag het al ‘n bietjie verweer gelyk. Sally het dus ‘n nuwe omslag omgesit. Dit was eenvoudig, aantreklik, en hoofsaaklik het dit die belangrikheid oorgedra van wat en wie ons is. Sy het haarself aan hierdie projek gewy, en dit het mooi gelyk. Toe ek ingekom en dit gesien het, kon ek op verskillende maniere gereageer het. Ek kon gesê het, “Dankie,” wat Sally sou waardeer het, maar dit sou die verkeerde soort hout gewees het. Nog erger, ek kon gesê het, “Dis hoog tyd dat jy ‘n nuwe omslag omgesit het. Ek het gedink die oue sou eers moes afval.” Dit is die mondelinge ekwivalent daarvan om water op daardie vuur te gooi. Toe ek egter gesien het wat sy gedoen het, het ek die stem van die Gees in my gedagte gehoor wat my beïndruk het om Sally te loof, om haar pogings te erken en haar aan te moedig. Daarom het ek gesê, “Sjoe! Dit is mooi! Liefie, dit is regtig aantreklik en sal definitief die mense se aandag trek. Jy was nou regtig kreatief!” As julle net ‘n video kon sien van haar reaksie op my woorde. Dit was wonderlik. Haar hele gesig het verhelder en sy was so bly en bemoedig.

Eenvoudige hoflikhede soos “asseblief,” “dankie,” “dis ‘n plesier,” en “verskoon my” word sosiaal vereis tussen vreemdelinge maar te dikwels word dit by die huis geïgnoreer. Wie verdien hoflikheid meer as diegene wat ons die liefste het? Wil ons regtig die boodskap uitstuur dat vreemdelinge meer respek van ons verdien? Ek het gesinne gesien waar hierdie boodskap duidelik en verstaanbaar aan die vrou en kinders oorgedra word, en dit vernietig verhoudings.

Sally is op so baie maniere spesiaal. Ek kan hierdie boekie vul met dinge wat sy doen wat ek waardeer, maar een gebied wat inderdaad uitstaan, is die wyse waarop sy haarself versorg. Sy is altyd netjies aangetrek; sy trek nie slegs sweetpakke aan nie. Sy lyk goed en versorg. Dit verg tyd en moeite van haar. Dit is nie

omdat sy te min ander dinge het wat haar aandag en tyd verg nie. Sy doen dit net vir my, of daar nou vriende kom of nie, omdat sy wil hê dat ek moet weet dat ek vir haar net so belangrik is as enigiemand anders. Ek maak seker dat sy weet dat ek hierdie pogings geniet. ‘n Vrou wil weet dat haar man haar aantreklik vind, dat hy haar nog steeds raaksien. Ek bedoel dit nie in ‘n openlike vleeslike of seksuele wyse nie, maar sy wil weet dat hy nog steeds in haar belangstel.

Te veel vroue word nie aangemoedig en geloof vir hulle denkvermoë nie, dit is ook baie belangrik. Sy mag dalk anders as u dink, menere, maar dit beteken nie dat sy ‘n loskop is nie, soos wat so baie mans graag hulle vrouens wil beskuldig. Ek is attent op daardie tye wanneer Sally net die regte idee voorsien of net die regte opmerking maak, en ek prys haar. “Waar het jy nou aan daardie idee gekom? Ek sou in ‘n duisend jaar nie daaraan gedink het nie! Jy is nou regtig skerp!” En u weet, dit is nie leë woorde nie. God het aan die man ‘n hulp beloof, en Sally is daardie hulp vir my, wat ‘n pragtige balans in my lewe bring. Sy lyk so gelukkig wanneer ek dit sê, en u weet, sy behoort te wees, want ek is opreg en eerlik met my komplimente aan haar. Dit bring ons by ‘n ander punt: ons moet opreg wees op hierdie gebiede of anders sal ons nie dit voorsien waarna ons egmaat verlang nie. U kan, en ek kan, ‘n bietjie vergroot op ‘n koketterige manier, en dit is aanvaarbaar in die konteks van flirtasie. Flankeer met u egmaat, knik vir hulle, deel ‘n skelm kykie, hou hande onder die tafel, of skryf klein notatjies. Selfs ‘n waai van die hand oor ‘n skare, dra soveel liefde oor. Dit sê, “Jy is spesiaal, en ek sien jou raak, selfs al is almal in die pad.” U kan ook met woorde flankeer. “Sjoe! Jy vang regtig my oog!” Moenie daardie klein troetelnaampies verwaarloos wat u vir mekaar gehad het toe julle nog uitgegaan het nie. Stof hulle af en gebruik hulle indien hulle nie gebruik word nie, omdat gedeelde geheime

intimiteit bou.

Aanmoedigende woorde is so belangrik, veral wanneer hulle die vernaamste brandstof is wat ons verlang. Onthou u vir Edwin en Maria? Hy het na goedkeuring gesmag en homself toegelaat om betrokke te raak in allerhande soorte aktiwiteite en werk, en sy vrou se verlange na tyd saam met hom verwaarloos, net solank as wat mense hom aanvaar en geloof het vir sy puik resultate. Al het hy sy behoeftes bevredig deur lof van andere, het hy egter in werklikheid die lof van Maria begeer, wat hy nie gekry het nie. Edwin se behoeftes is elders bevredig, maar in die proses het hy gevind dat hy ongelukkig was. Slegs toe hy en Maria begin het om mekaar se vure met die regte brandstof te voed, het ware geluk en vervulling hulle ervaring binnegedring.

Die instelling van dankbaarheid en aanmoediging is ‘n fundamentele beginsel van God se karakter. God is ‘n bemoedigende God. Hy sê:

.*”Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.”*
- Johannes 14:18

. *“Ek het julle liefgehad, sê die Here.”*
- Maleági 1:2

. *“Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.”*
- Hebreërs 13:5

. *“En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.”*
- Mattheus 28:20

. *“Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.”*

- Jesaja 41:10

Selfs ons Here Jesus Christus het versekering nodig gehad, en die Vader het dit met hierdie woorde voorsien. “Dit is My geliefde Seun, in wie Ek ‘n welbehae het.”

Die hemel is nie ‘n plek van dooierige, selfvoldane instellings nie, maar eerder die oorsprong van ‘n groot stroom van liefde en aanmoediging wat uit die heelal vloei tot voordeel van elke lewende skepsel. Die woorde wat God tot Sy Seun gespreek het, wil Hy graag aan elkeen van ons sê: “Hierdie is My geliefde seun; hierdie is My geliefde dogter – in wie Ek ‘n welbehae het.” God moedig ons altyd opwaarts aan, altyd vorentoe met die gedagte dat gister se oorwinnings die vastrapplekke kan wees vir groter oorwinnings vandag, en Sy ideaal vir ons is amper onmoontlik vir ons powere vermoë om te bepeins. Soos ‘n ouer met ‘n skugter kind, is Hy daar om vir my te sê, “Jy kan dit doen, Jim. Ek weet jy kan. Neem My hand en vertrou op My; Ek sal jou wys hoe.” Met so ‘n God om ons te lei en te rig en ons die pad aan te toon om andere aan te moedig, hoe kan ons weier om te voorsien waarna andere verlang?

Miskien is dit so lank gelede dat u sulke dinge gesê het dat u nie weet hoe om te begin nie. Baie mense is bang hulle gaan laf of vals klink wanneer hulle eers begin om aanmoedigende woorde te probeer oordra – veral indien hulle gewoond was om harde en liefdelose woorde te gebruik. Maar selfs die wat dit moeilik vind om hulle gedagtes uit te spreek, kan ‘n nota skryf.

‘n Nota van aanmoediging is ‘n seën vir diegene vir wie gespreksvoering ‘n stryd is. Sommige kan hulle duidelik uitspreek op papier, maar in gespreksvoering kan hulle net nie vinnig

genoeg dink nie. Maar, gee hulle tyd om na te dink en 'n meesterstuk van aanmoediging kan uit hulle pen voortvloei. Anders as die gesproke woord, word die geskrewe nota dikwels herhaaldelik gelees en deur die ontvanger daarvan meer gewaardeer as 'n gewone mondelingse mededeling. Onlangs het ek hierdie nota van Sally ontvang:

*Liefste Jim,*

*Jy is die kleinood van my lewe, die hartklop van my dag, en die vreugde van oomblikke.*

*Liefde, Sally*

Op die agterkant van die nota was 'n hart met die woorde, “Jy's my man,” met 'n glimlaggende gesiggie. Haar nota was in alle opsigte vir my die ekwivalent van 'n “skoonheidsaanval”.

Troetelnaampies is uitdrukkings van u spesiale intimiteit, maar troeteluitdrukkings kan harte ook na mekaar trek. Ek sê dikwels vir my vrou dat sy die verlore kleur van die reënboog is. My seun het by my aangesteek en begin om vir sy vriendin te sê dat sy die vermiste ster in die hemele is. 'n Kompliment wat onverwags of voor ander mense uitgespreek word, veral met 'n element van verrassing, kan baie aangenaam wees.

Terwyl ons op 'n staptoer was, het ek gesien hoe een van my seuns 'n duidelike voorbeeld hiervan voorsien het. Ons het oor 'n oop grasland gestap gevul met klein veldblommetjies van verskillende kleure, maar een was byna wit met 'n titseltjie pienk. Toe hy dit raaksien, het hy sy vriendin nader geroep en gesê, “Kyk, selfs die blomme bloos in jou teenwoordigheid.” Toe was die blomme skielik nie die enigste wat in daardie berg grasland gebloos het nie. Hoe waar is die woorde van die Skrif in Spreuke 18:21 nie: “Dood en lewe is in die mag van die tong.” In u huwelik en in my huwelik, is dood en lewe waarlik in die mag van die tong.

Ek het so baie paartjies besoek, raad gegee en by hulle oorgebly wat nie die vuur stook nie. Baie beskou hulleself goeie Christene, en miskien gooi hulle nie water in die stoof nie, maar het hulle toegelaat dat die vlamme doodgaan deur nalatigheid. As u wil hê dat die vlamme van liefde in u huwelik doodgaan, is dit baie eenvoudig – moet net niks doen nie. Dit is gewaarborg om elke keer te werk. Sê net vir u egmaat, "Nie nou nie, ek is te besig. Kan jy nie sien dat ek belangrike dinge het om te doen nie?" U kan dadelik op hulle gesigte sien hoe die vlam begin flikker en doodgaan.

Nog 'n manier waarop ons die liefde wat ons deel aanmoedig of versterk, is deur die gee van geskenkies. Nee, ek bedoel nie wanneer u met vakansie is of met spesiale geleenthede nie, maar die gee van wat een van my vriende na verwys het as "net omdat" geskenkies. 'n Geskenk is 'n sigbare gebaar wat aan die ontvanger sê, "Jy was vandag in my gedagtes." Die geskenk bevat die liefde wat genoeg omgegee het om iets gepas vir ons spesiale iemand uit te soek.

Ek het nog nooit gewoond geraak aan die opwinding daarvan om 'n geskenk te ontvang, veral as dit van my vrou of seuns kom. Hulle ken my so goed dat hulle geskenkies, meer as die van enigiemand anders, hulle bedagsaamheid oordra omdat hulle 'n item kies wat my lewenstyl, of die genot van my ontspanningsbelange sal aanvul. Byvoorbeeld, Sally het geweet dat ek 'n sekere mes en gereedskapkombinasie wou hê vir gebruik op staptoere. Ek het nie daarvoor gevra nie, maar toe sy dit gesien het, het sy dit vir my gekoop. Sy het my onuitgesproke begeerte besef en sy het moeite gedoen om dit 'n geskenk te maak "net omdat" dit vir my nuttig sou wees.

Eendag het ek deur die Here beïndruk gevoel om vir Sally 'n "net omdat" geskenkie te gee. Ons woon waar 'n rit na die dorp ten minste 'n drie-uur heen-en-weer reis is, sonder die

inagneming van tyd vir inkopies. Hoe sou ek daardie dag vir haar ‘n geskenkie kon gee? Ek het die prentjie van die bloes in ‘n katalogus uitgehaal wat sy so lankal begeer het, en dit op haar lessenaar neergesit met ‘n nota: “Bestel dit, net omdat.” Ek het vir haar die geskenk gegee, selfs al het ek dit nie in my hand gehad nie.

Wanneer ‘n paartjie verlief is, is dit vir almal rondom hulle duidelik. Waarom? Dit is meer as die kyk in die oë, meer as die genot wat hulle uit mekaar se teenwoordigheid put. Dit is ook die sagte aanrakings: die beskermende arm om mekaar; die drukkies wat ‘n voorsmaak van die hemel is; die soene wat hulle hoop nooit sal ophou nie; en die hande wat by elke geleentheid vasgehou word, en wat so kenmerkend is van hierdie fase van hofmakery. Die probleem is dat die meeste van ons geleidelik hierdie fase agterlaat, maar ons ontgroei nooit die behoefte om aangeraak te word nie.

‘n Baba aan slegs wie se fisiese behoeftes voldoen word, maar nooit vasgehou, getroetel en mee gespeel word nie, se ontwikkeling sal hewig gestrem word en sal waarskynlik vroeg sterf. Alles net omdat tere aanrakings nie opsioneel is nie, maar ‘n besliste noodsaaklikheid vir elke mens is, ongeag van in watter stadium van die lewe hulle hulleself bevind.

Sally hou van tere aanrakings. Ons omhels en soen gereeld, maar daar is baie meer as drukkies en soentjies betrokke. Met tye het ek agter haar kom staan terwyl sy besig was om op die rekenaar te werk en gesien dat sy begin moeg word. Haar kragte het begin verdof en sy lyk soos ‘n plant in die tuin wat water nodig het. Dan masseer ek saggies haar skouers en arms. Kort voor lank sal sy, net soos daardie plante wat water kry, regop begin sit. My energie het in haar ingevloei deur my aanraking en die wete dat ek haar liefhet. Soms kan sy sien dat ek gespanne is, veral as die dag gevul was met heelwat voorligting en toesprake. Sy

kan dit agterkom slegs deur die manier wat ek my kop draai dat ek besig is om ‘n hoofpyn of ‘n pyn in my nek te ontwikkel. Sy neem oor, en baie gou is die probleem opgelos onder haar vaardige hande.

Tradisionele aanrakings is baie belangrik. Omhelsings en soentjies wanneer gegroet word, bind die harte saam en kan baie meer wees as slegs ‘n formaliteit. Ek het baie mans gesien wat hulle vrouens slegs uit pligsgevoel totsiens soen nadat hy sien dat ek my vrou soen, en glo my, die vrou weet dat hy dit slegs doen om nie voor my in die verleentheid te kom nie.

Ek onthou duidelik een so ‘n vrou, wat so hard probeer het om haar man te laat besef dat tere aanrakings belangrik was; dit was haar selfopgelegde lewenstaak. Sy het gesien hoe ek by Sally sit en hoe ons hande vashou gedurende gebed, hoe ek altyd haar hand soen voordat ek dit laat gaan. Ek kan nie langs Sally stap sonder dat ons hande vashou nie, en wanneer ons naby mekaar is, plaas ek my arm outomaties om haar. Hierdie vrou het dit opgemerk terwyl hulle by ons besoek het, en spoedig het ek gesien hoedat sy nader aan haar man beweeg het, en weet u wat het hy gedoen? Hy het verder weg beweeg. Ek het dopgehou terwyl sy hierdie domkop op ‘n subtiele manier oor die hele rusbank agtervolg het. Hy het nog steeds nie die skimp gevang nie! ‘n Mens kon haar frustrasie agterkom. Haar man was die tipe wat sou sê wanneer hy die huis verlaat het, “Sien jou.” As sy regtig gelukkig was, sou hy moontlik in dieselfde stemtoon sê, “Lief vir jou.”

Ek het so jammer gevoel vir hierdie vrou, dat ek haar man genooi het om saam met my te gaan stap en het aan hom verduidelik wat dit was wat sy vrou wou hê. Toe het ek die volgende dag teruggesit en hulle dopgehou. Sy arm was om haar; daar was opregte warmte in sy woorde aan haar; en sy was in ‘n beswyming oor hom. Sy was so gelukkig en tevrede met

slegs daardie klein gebaartjies dat ek gedink het sy sou ontplof. Hierdie klein dingetjies beteken so baie, en indien u dit afskeep, weet u nie wat u mis nie.

Ek wil egter een woord van waarskuwing byvoeg. Indien u toelaat dat daardie gebaartjies doodgaan as gevolg van verwaarlosing, en die enigste tyd wat u in hierdie aktiwiteite betrokke raak, is wanneer die twee van u fisies intiem verkeer, sal u egmaat vir eers nie reageer op die manier wat u graag sou wou hê dat hy/sy moet reageer nie, omdat u hulle geleer het dat enige sodanige aktiwiteit die voorspel is tot iets meer. Hulle mag hierdie nuwe aandag van u kant opmerk en die verkeerde afleiding maak. Die verloop van tyd en om konsekwent te wees, sal hulle egter vinnig oortuig; moenie moed verloor nie.

Uiteindelik kom ons by my geliefkoosde persoonlike strewe – die een wat vir my bo alles sê dat iemand my liefhet en dit is dade van liefdevolle minsaamheid. Wanneer iemand uit hulle pad gaan om my te help, sê hulle vir my dat hulle my liefhet. Wanneer iemand in my behoeftes voorsien, raak hulle my hart aan. Ons het al mense vir ete gehad, en nadat hulle Sally dopgehou het, moes hulle gedink het dat sy ‘n mishandelde vrou was. Nie in die fisiese aspek nie, maar omdat sy die heeltyd besig is om in my behoeftes te voorsien. Soms sal ek ‘n maaltyd eet en na die yskas kyk terwyl die gedagte aan iets ekstra waarvan ek sal hou deur my gedagtes flits. Sally sal my blik raaksien en op haar voete wees om te kry wat dit ookal is voordat ek kan opstaan of dit selfs kan noem. Sy bedien my omdat sy my liefhet, nie omdat sy gedwing word om dit te doen nie. Sy hou daarvan om my te bedien en geniet die liefde wat dit in my hart vir haar opwek.

Dade kan so eenvoudig wees soos om ‘n lekkende wasbak reg te maak of om die slaapkamer op jou afdag uit te verf. Dit kan beteken om sy geliefkoosde tert te bak of om net toe te sien dat sy klere skoon en gestryk is. Nie een van die eenvoudige take

wat ons gebruik om andere te dien, is bekorend nie, maar dit hoef nie te wees om die toegeneëntheid te wen van die een wat daarop reageer nie. Vir iemand soos ek is die motivering en die liefde wat betoon word belangriker as enige ander faktor.

Het u uself of u egmaat gesien in enige van die onderwerpe wat gedek is? Indien wel, weet u wat om te doen om die spesiale brandstof te voorsien wat sal help om die vlam van liefde vir u aan die brand te hou in hulle harte. Is u gewillig om dit te doen? Sal u die stappe neem wat nodig is sodat wanneer andere u sien, hulle sal dink dat u ‘n pasgetroude paartjie is?

Die huwelik is deur God aan u gegee om u te voorsien van plesier en vervulling soos wat niks anders dit kan doen nie. Die huwelik was aan Adam en Eva voorsien voordat sonde die wêreld ingekom het, en God wil hê dat u huwelik net so gelukkig moet wees soos daardie eerste een in Eden. Ek daag u uit om hierdie beginsels na te jaag as ‘n eksperiment om te ontdek hoe u u egmaat en uself kan vervul. Mag God u ryklik seën terwyl u daaraan werk om die vlammetjie aan die brand te steek.

# H O O F S T U K 3
# SKOPPELMAAITYD

*“Kom nou, en laat ons die saak uitmaak.”*

- Jesaja 1:18

Om op ‘n nuwe en verskillende manier te kommunikeer, sal ‘n uitdaging wees, maar ons kan leer om argumente te vermy en om die gewoonte aan te kweek om saam oor sake te redeneer.

“Pa, u weet dat ek veronderstel is om hierdie jaar ‘n houtwerkprojek te voltooi as deel van tuisonderrig,” het Andrew retories aangekondig, en my bekommerd aangekyk. Natuurlik het ek geweet van hierdie vereiste; ek was hoofsaaklik verantwoordelik daarvoor dat dit in ons skoolprogram ingesluit is. Dit was daardie bekommerde kyk wat my gepla het. Daardie kyk het die stryd wat in sy twaalfjarige gedagtes aangegaan het, weerspreek, en sy volgende woorde het die probleem duidelik gestel: “Ek wil nie nog ‘n voëlhok of enige ander “baba” projek maak nie. Ek wil iets groot en uitdagend maak.”

‘n Ou herinnering het skielik in my gedagtes opgekom, en ek kon ‘n duidelike prentjie van my ouma se voorstoep in my gedagtes sien. Ek kon sien hoe die volwassenes op stoepstoele in die koel aandure sit. Die kleintjies het met speelgoed op die groot houtvloer van die stoep gespeel. Ek het gewoonlik my vragmotors gebring, en daar by die voete van Ouma sou ek luister na die vrolike geselsery van tannies en ooms en die eindelose geklik van Ouma se breipenne, terwyl die ou stoepswaai gekraak het terwyl sy saggies heen en weer wieg. Die prentjie was so hartlik en vertroostend. Ek het vir Andrew gesê, “Waarom maak jy nie ‘n outydse stoepswaai soos die een by Oumagrootjie se huis nie?”

Ek wens u kon sien hoe die bekommerde uitdrukking van sy gesig verdwyn het. Andrew het homself in daardie projek verdiep, maar dit was nie maklik nie. Hy moes sy vernuf gebruik om 'n hele aantal probleme op te los, en sommige van die dinge waarmee hy vorendag gekom het, was nogal vindingryk. Spoedig het hy 'n swaai gehad wat beide aantreklik en gemaklik was. Toe hy klaar was, het ons 'n paar kettings gekoop, en hy was geweldig in sy skik daarmee waar dit trots tussen die bome gestaan het, 'n getuienis van sy volharding en groeiende vaardighede.

Noudat dit egter klaar was, wat sou ons met dit doen? Ons het besluit om te probeer om smiddags 'n halfuur af te sonder om te deel wat ookal op ons harte was. Ons sou ons werk vir 'n rukkie los, ongeag van hoe dringend dit was, en na buite gaan en op daardie skoppelmaai sit en saam ontspan. Spoedig het ons albei uitgesien daarna, en "skoppelmaaityd" was gebore.

Ek wil net 'n woordjie van waarskuwing rig. Ek het gevind dat soveel van ons nie regtig weet hoe om effektief met mekaar te kommunikeer nie. Niks laat die begeerte om tyd saam te spandeer so vinnig sterf nie as om dit te ervaar as 'n onaangename, spanningsvolle tyd eerder as iets wat ons lewens saambind met bande van simpatie en begrip.

Kom ek vertel u van Marvin en Sue. Sue het my een middag geskakel, omtrent 'n maand nadat ek by haar kerk gepreek het en sy was ontsteld. "Ons het u preek gehoor oor skoppelmaaityd, en ons het regtig van die idee gehou. Ons het toe ook begin om skoppelmaaityd te geniet, maar na twee of drie weke wou my man dit nie meer doen nie. Kan u hom skakel en daaroor praat?"

"Nee, Sue, ek kan dit nie doen nie. Indien hy gewillig is om daaroor te praat, vra hom om my te skakel, en ek sal met plesier dit met hom bespreek. Ek sal dit egter nie sonder sy toestemming doen nie."

‘n Paar aande later het ek van Marvin gehoor. “Jim, ek is siek en sat van skoppelmaaityd! Dit het in klatyd verander! Elke keer wanneer ek by die huis kom en ons probeer om te gesels, delf sy iets uit die verlede op en het my in ‘n wurggreep voordat ek dit weet. Ek is moeg daarvan, daarom bly ek saans by die werk en doen nie moeite om vroeg huistoe te kom nie.”

“Marvin dit is jou reg om so te voel, en jy is nie alleen nie. Dit is ‘n algemene strik. Wanneer paartjies vir ‘n geruime tyd nie gekommunikeer het nie, het een of beide ‘n lang lys van al die kwessies wat nie aandag geniet het toe daar geen kommunikasie was nie. Op baie maniere vergelyk ons huwelike met ‘n wasbak wat so verstop geraak het en eers skoongemaak moet word voordat die water weer vrylik kan uitloop, maar al die vullis wat aangepak het, kan baie onaangenaam wees en hoe langer dit verstop is, hoe minder wil ons dit hanteer. Dit is waarom skoppelmaaityd, net soos enige ander aspek van die Christelike lewe en gesin, deur die inspraak van God op ons harte gelei moet word. Jou vrou het al hierdie goed opgekrop, en toe jy gewilligheid getoon het om dit te hanteer, was sy so oorweldig dat sy begin het om dit op jou uit te stort. Sy is nie gewoond daaraan om vir God te vra wat sy moet deel nie, net soos wat jy ook nie daaraan gewoond is nie. Sy het slegs probeer om dinge te hanteer op die beste manier wat sy geken het en het ‘n gemors daarvan gemaak soos wat ons as mense maar doen wanneer ons probeer om ons eie sake te hanteer.”

Marvin het vir ‘n minuut niks gesê nie en toe stadig erken, “Ek dink dit maak nogal sin, maar wat van skoppelmaaityd? Ek gee nie om om te gesels nie, maar ek kan die manier hoe ons dit doen, nie verdra nie.”

“Marvin, die Bybel sê daar is ‘n tyd om te praat en daar is ‘n tyd om stil te bly. Beide van julle sal moet leer om te weet watter tyd dit is. Julle het die eerste stap na effektiewe kommunikasie

geneem – om tyd af te sonder om te gesels – en dit is goed. Nou kom die moeiliker deel om daardie tyd te verfyn tot ‘n tydjie van groei en genot vir beide persone. Dit beteken nie dat julle nooit moeilike sake sal bespreek nie, maar dat julle hierdie moeilike dinge sal aanpak soos God julle lei en sal saamwerk aan ‘n oplossing, eerder as om te probeer om die skuld op mekaar te pak.

“Ek en Sally moes deur baie kwessies werk. Kom ons kry Sue ook op ‘n bylyn en kyk of ons julle op die regte spoor kan plaas van iets wat werklik die potensiaal het om julle verhouding te verander.” Toe Sue ook saam op die lyn was, het ek herhaal wat ek met Marvin gedeel het en toe gesê, “Elke verhouding wat ons het, of dit nou ons huwelik, ons vriendskappe, of selfs ons besigheidskontakte is, sal ons vermoë reflekteer om effektief te kommunikeer. Wat ons ookal by die huis doen, neig om ook na ons ander verhoudings oor te dra. Vir jare het julle twee die seerkry onderdruk en die konflikte tussen julle geïgnoreer, en ek kan wed dat julle ook dieselfde doen wanneer ander julle seermaak of wanneer julle met iemand in die kantoor of by die kerk ‘n onderonsie het. Dit is tyd dat julle hierdie slegte gewoonte verander in een van effektiewe kommunikasie. Die eerste stap is om terug te gaan en die skoppelmaaityd weer te laat herleef.

“Gebruik die tyd, nie slegs om probleme te bespreek nie, maar ook om mekaar te admireer, om slegs te gesels, om vakansies te beplan, om te droom soos toe julle uitgegaan het, en wanneer julle dan wel voor ‘n probleem te staan kom, benader dit soos om ‘n ui te skil. Neem net een klein lagie op ‘n keer af, in plaas daarvan om dit op een slag te doen. Elke lagie sal dalk sy deel aan trane hê, maar julle sal vind dat elke lagie waardeur julle werk, julle baie nader daaraan bring om ontslae te raak van die wortel of kern van die kwessie. Indien enigeen van julle ‘n gedeelte vind wat te seermaak om daaroor te praat of waar julle

begin kwaad word en die ander wil dwing of forseer om jou sienswyse te aanvaar, is dit tyd om die bespreking vir ‘n ander dag te laat oorstaan. Moet nooit toelaat dat julle gevoelens die oorhand kry nie. Probeer eerder om hierdie tyd aangenaam te maak vir jou maat. Selfs wanneer die moeilike onderwerpe bespreek moet word, herbevestig dat julle eerder saam met mekaar deur hulle wil gaan as saam met enigiemand anders.

“Kommunikeer met God voordat julle met mekaar begin kommunikeer. Negentig persent van die probleme tussen man en vrou, ontstaan omdat ons nie ons woorde deur God suiwer vir Sy goedkeuring voordat ons dit uiter nie. Ons word deur emosie, passie, of impulsiwiteit in die hitte van die oomblik gedryf, en soos wat julle twee ontdek het, veroorsaak presies dit dat die skoppelmaaityd wat ope kommunikasie bevorder, vernietig word. Ons moet leer, soos wat dit in Jakobus 1:19 sê, ‘Elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat.’ Die goue reël om aan andere te doen soos wat jy wil hê dat hulle aan jou moet doen, is ‘n absolute noodsaaklikheid, veral met daardie spesiale persoon met wie ons getroud is.

“Om te suiwer, beteken meer as net woorde. Ons kan boekdele spreek met houdings en liggaamstaal. Ons behoort te verseker dat ons in situasies beland waar ons met andere kommunikeer wat aan God onderworpe is, van self geledig, met die strewe om die wil van God te doen, hoe teenstrydig dit ookal met ons begeertes is. Soos wat dit in 1 Samuel 12:7 sê, ‘Gaan staan dan nou, dat ek met julle gerig kan hou voor die aangesig van die Here.’ Hier is die sleutel tot die effektiewe oplossing van ‘n konflik. Logika moet oorheers, en beide partye moet hulleself inhou en goeie maniere handhaaf soos wat hulle in die teenwoordigheid van God sou doen, want al kan Hy nie gesien word nie, is Hy werklik by ons teenwoordig.”

“Jim, dit klink egter na ‘n verhewe ideaal. Is daar regtig

ander paartjies wat dit doen?" het Marvin my gevra.

"Ja," het Sue saamgestem, "Ek weet nie van paartjies wat dit doen nie."

"Ja, daar is sulke mense," het ek hulle verseker, "maar julle is reg, hulle is dun gesaai. Gelukkig is die mense rondom ons nie ons voorbeeld nie, en as ons eerlik wil wees, sal ons nie hulle tipe huwelik wil hê nie. Die ideaal waarna ons streef is om soos Christus in ons gesprekke te wees. 'Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly," Johannes 14:10. Almal van ons kan dink aan tye toe ons woorde 'n probleem in 'n verhouding met iemand vir wie ons lief was, veroorsaak het. Christus moes reguit praat, maar ek het gevind dat wanneer ek dit doen, om iemand te korrigeer of om dinge uit te sorteer, dit die moeilikste is om te doen, omdat my menslike natuur dan wil oorneem. En dikwels wanneer God my vra om iets moeilik te hanteer, is dit juis die tyd wanneer ek nie opgewasse voel vir die uitdaging van konflik nie. Ons kan nie ons gevoelens vertrou nie en moet toelaat dat ons gelei word deur 'n alwetende God wie se tydsberekening nooit verkeerd is nie, en wie slegs ons geluk begeer."

"Jim, ek het probeer om Marvin met die regte gees te benader, maar ek kan nooit my gedagte of stelling voltooi voordat hy my onderbreek nie. Dan word ek kwaad en lyk dit asof al my goeie bedoelings by die venster uitvlieg."

"Jy is nie alleen nie, Sue. Hierdie is ons derde reël vir effektiewe kommunikasie. Elkeen het tyd nodig om hulle besorgdhede sonder onderbreking uit te spreek. Enigeen kan sit en iemand laat aanhou praat, maar dit is baie moeiliker om 'n goeie luisteraar te wees en te wys dat jy eerlik ontvanklik is vir wat hulle wil sê. Daar was baie geleenthede waar ek Sally onderbreek het en haar heeltemal van stryk gebring het sonder dat ek 'n enkele woord gesê het. Ek het nie nodig gehad om

enigiets te sê nie, omdat my liggaamstaal duidelik vir haar gesê het hoe ek gevoel het. Deur my ongeduldige gevroetel, het ek die feit oorgedra dat ek nie kon wag dat sy moes gou maak en klaarkry nie. Ander kere het my oë my verraai. As Sally nie enige empatie gesien het nie of kon besef dat ek alreeds besig was om my verdediging te beplan, het sy tjoepstil geraak. Kom ek deel 'n verhaal.

"Eendag nadat Sally dorp toe is, het sy baie opgewonde en in haar skik by die huis gekom omdat sy drie blou jeans vir die seuns gekoop het vir een-en-twintig dollar elk. In ons gesin was Sally altyd die verkwister. Sy is altyd meer bereid om van 'n dollar ontslae te raak as ek. Die rede waarom sy so opgewonde was met haar aankopie, was omdat die jeans afgemerk was vanaf die oorspronklike prys op die etiket van ses-en-twintig dollar en sy het gevoel dat sy 'n winskopie gekry het. Ek was egter nie so toegeeflik met my opinie nie. Ek het haar selfs nie eers 'n kans gegee om ten volle te verduidelik nie. Ek het gedink, sy het dit al weer gedoen. Sy weet dat ons net sulke goeie jeans teen vyftien dollar elk in die katalogus kan kry. Wat 'n vermorsing! Ek het dit alles in my kop uitgewerk en kon sien dat sy agtien dollar met die aankope verloor het, die prys van nog 'n jean. Sally wou haar relaas klaar maak, maar ek het haar stil gemaak en beslis gesê, 'Jy kan vir my enigiets sê wat jy wil, maar dit was nie 'n winskopie nie. Jy gaan hulle terugneem. Niks wat jy vir my sê gaan my van plan laat verander nie, so jy hoef regtig nie jou tyd te mors nie.' Ek was reg, was ek nie? Ek kon sien dat sy oorbluf en gefrustreerd was, maar ek het dit geïgnoreer. Ek het geweet dat sy 'n swak aankopie gedoen het, en ek het nie belanggestel in die lawwe rede vir haar impulsiewe aankope nie. Die probleem in hierdie situasie was nie, alhoewel in teenstelling met my mening, my vrou se aankope nie, maar die feit dat Jim nie geluister het nie. Ek het nie stil gebly sodat sy kon klaar praat nie. Ek het haar

onderbreek deur ‘n besluit te maak voordat sy haar saak klaar kon stel, en toe ek dit eers gedoen het, kon ek geen logiese rede sien waarom ek langer moes luister nie.

“Die volgende oggend in my stiltetyd het die Here my weer aan die situasie herinner. Terwyl my mening oor die situasie nie verander het nie, het ek besef dat ek Sally nie voldoende tyd gegun het om haar redes uit te spreek nie. Nou het ek sleg gevoel daaroor omdat ek geweet het dat ek haar nie met die respek behandel het wat sy verdien het nie. Ek het daardie oggend na haar gegaan en bely dat ek haar stil gemaak het en dat ek haar die kans wou gee om te sê wat sy wou sê. Dit was nog altyd vir my ‘n beproewing omdat Sally iets meer omslagtig stel as wat ek dit doen. Ek het ‘n stryd omdat ek haar die geleentheid moet gun om dinge volgens haar persoonlikheid uit te druk. My natuurlike neiging is om te sê, ‘Kom nou tot die punt!”

“Dus het Sally, toe sy uiteindelik gesien het dat ek ernstig was om haar toe te laat om te praat, verduidelik, ‘Ek weet dat ek dit goedkoper kon kry uit die katalogus, Jim, maar ons het dit nodig vir die maandlange reis wat ons binne ‘n paar dae gaan onderneem. Ons sou nooit ‘n katalogus bestelling so vinnig hier kon kry nie, tensy ons vir spoedpos sou betaal, en indien ons dit sou doen, sou dit meer gekos het as die wat ek by die winkel gekoop het.’

“’Waarom het jy dit nie vir my gesê nie?’ het ek gevra. Ek bedoel, ek is redelik. Dit het perfekte sin gemaak toe sy dit verduidelik het. Waarom het sy dit nie die vorige dag vir my gesê nie?

“Sally het slegs na my gekyk, ‘n veelseggende glimlag op haar gesig, en in die stilte van die oomblik kon ek hoor wat sy besig was om te sê: ‘Omdat jy my nie toegelaat het nie.’

“En nou, Sue en Marvin, selfs al was hierdie nie ‘n ‘skoppelmaaityd’ gesprek nie, kan julle sien hoedat dieselfde

beginsels van kommunikasie van toepassing is. God sê in Jesaja 41:1, “laat hulle aankom, laat hulle dan spreek.” As die God van die heelal, wat anders as Jim Hohnberger, nooit ‘n oordeelsfout maak nie, swak mense nooi om nader te kom en met Hom te praat, moet God geweldige vertroue hê in die krag van hierdie kommunikasiebeginsel. Dit is asof Hy sê, ‘Laat hulle praat en moenie hulle onderbreek nie, selfs al deel hulle dit nie op die mees innemende manier nie.’

“Jim, ek kan nie glo jy het dit aan Sally gedoen nie! Ek kan nie vir jou sê hoeveel keer Marvin dit aan my gedoen het nie. Jy verstaan regtig, nie waar nie?”

“Ongelukkig verstaan ek, Sue, en dit hou nie daar op nie. My seun Matthew was ‘n geselser van die tyd toe hy sy eerste geluide kon maak. Toe hy woorde begin leer het, het dit uit hom gestroom met ‘n onbeperkte bron van kinderlike gebabbel. Ek was so in die versoeking om hom te ignoreer of stil te maak. Ek het regtig nie tyd gehad vir sulke onsin nie. Ten minste ek het gedink dat ek nie tyd gehad het nie. Dit is geen wonder dat wanneer kinders tieners word, hulle nie meer met ons wil praat nie. Indien ons vroeg in hulle lewens ‘n patroon van nie-kommunikasie vestig, is dit slegs ‘n natuurlike resultaat. Indien u vrye kommunikasie in u huwelik of gesin beperk het, sal dit heelwat addisionele moeite van u kant verg om dit weer in te stel, net soos wat ek na Sally moes teruggaan en om verskoning vra omdat ek haar gesprek kort geknip het.

“Die ander ding om in hierdie kategorie te onthou, is die behoefte om te verstaan wat in werklikheid gesê word, eerder as om net te luister na die spesifieke woorde wat iemand gebruik. Sommige mense druk nie hulleself so duidelik soos andere uit nie, en ons moet hulle die vryheid gee om te wees wie hulle is deur te luister na die bedoeling van hulle gesprek en nie hulle spesifieke woorde interpreteer nie. Ons doen hierdie in

alledaagse gesprekke sonder om daaroor te dink.  Indien iemand vir my vra om die venster oop te maak, weet ek dat hulle nie wil hê dat ek 'n klip daarna moet gooi en dit letterlik moet breek nie. Net so, wanneer u sê, 'Ek gaan gou winkel toe hardloop,' gaan ek nie aanneem dat jy jou hardloopskoene gaan aantrek nie.  As ons dit in alledaagse dinge kan doen, kan ons sekerlik aan andere dieselfde begrip verleen in ons gesprekke.  Die rede waarom ons dikwels nie vir andere 'n geleentheid gee nie, is omdat ons so verdiep raak in wat die ander persoon sê, en eerder as om self opsy te stoot en te aanvaar wat gesê word, raak ons verdedigend en val dan die woorde van die een aan wat dit gewaag het om ons te na te kom.

"God se koninkryk word nie op so 'n manier bedryf nie.  Hy nooi u 'bring julle regsaak voor … bring julle bewysgronde aan,' soos wat dit in Jesaja 41:21 sê.  Indien God gewillig is om te luister, dan moet ons ook na andere luister – nie slegs na die woorde nie, maar ook die betekenis.

"Die vierde beginsel vir effektiewe kommunikasie is om oplossing-georiënteerd te wees.  Ons bestee 5 persent van die tyd aan die probleem en die res van die tyd soek ons na 'n oplossing.  Inderwaarheid vereis dit slegs 'n paar minute om 'n probleem uit al die verskillende sienswyses te stel, en dan implementeer ons ons gesinsreël, wat sê dat niemand toegelaat sal word om weer te praat nie, tensy hulle 'n oplossing aanbied.

"Ek en Sally het oor die jare baie konflikte gehad oor wat sy wil koop en wat ek as onnodig ag!  Eendag het Sally vir my gesê dat sy skoppelmaaityd nodig gehad het oor hierdie onderwerp. Ons het elkeen gewapen gekom met ons argumente en ons saak gestel.  Ons kon vir jare hieroor baklei het aangesien ons beide so sterk oor die onderwerp gevoel het en daar nie regtig 'n reg of verkeerd betrokke was nie.  Ons het slegs verskillende perspektiewe gehad wat ons na verskillende gevolgtrekkings gelei

het.

“Ons het die probleem in slegs ‘n paar minute uiteengesit en toe het ons dieselfde reël gebruik wat ek met jou en Marvin gedeel het. Ons het onsself nie toegelaat om te praat, tensy dit was om ‘n oplossing voor te stel nie. Uiteindelik het ek vir Sally gesê, ‘Jy het ‘n reg om ook toegang tot die geld te hê. Dit is in elk geval net soveel joune as myne. Wat daarvan as ons elke maand ‘n bedrag vir jou eenkant sit om te koop wat jy graag wil? As ek vrae vra en jy vir my sê dat die geld uit daardie bedrag gekom het, dan sal ek stil bly.’ Indien u hierdie eenvoudig beginsel kan aanvaar, sal u huis soveel gelukkiger wees.

“In die Bybel was Daniël een van die mees georiënteerde persone om probleme op te los. Na die gevangeneming van Daniël en sy wegvoering na Babilon, het hy ‘n probleem gehad dat sy godsdienstige oortuigings, die verbod wat God geplaas het op onrein vleis, nie deur die Chaldeërs verstaan was of daarvoor voorsiening gemaak het nie. Die Bybel sê in Daniël 1:8 dat ‘Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdienaars vergunning gevra dat hy hom nie hoef te verontreinig nie.’ Toe die hoofdienaar egter, uit vrees vir die koning, sy versoek geweier het, het Daniël nie weer die probleem gestel nie, en ook nie sy eie manier geëis nie. Daniël was georiënteerd om oplossings vir probleme te vind. Hy het ‘n ander opsie voorgestel en het gevra om dit slegs vir tien dae te probeer as ‘n eksperiment. Die man het hierdie keer ingestem, en God het die proeflopie so geseën dat die hoofdienaar oortuig was dat Daniël se manier beter was en het toegegee aan sy wense.

“Indien Daniël hardkoppig sou aandring op sy manier, sou die koning gewillig gewees het om hom te laat onthoof en die verhaal sou geëindig het. Ironies genoeg, is dit presies wat die meeste

van ons doen.  Ons dring hardkoppig aan op ons manier as die enigste manier, en die meeste van ons verloor ons koppe in die hitte van die argument."

"Ek het nog nooit vantevore op daardie manier aan Daniël se verhaal gedink nie.  Dit gee 'n mens 'n nuwe perspektief op 'n ou verhaal," het Sue opgemerk.

"Ek stem saam, Sue, en ek dink julle gaan die vyfde beginsel net so nuttig vind.  Dit is waarna ek as 'n 'ruskansie' verwys.  Toe ek voetbal gespeel het en dinge sleg gegaan het, indien die ander span ons van balans af gehad het, of ons nie geweet het hoe om te speel nie, sou ons 'n 'ruskansie' vra en 'n minuut gegun word om ons ewewig te herwin.  Indien julle vind dat 'n gesprek begin ontaard, indien gevoelens hoog loop en emosies opgewek word en daar 'n teken is dat julle selfbeheer gaan verloor, moet een van die maats kan vra vir 'n ruskansie en die saak moet uitgestel word tot later, sonder om daaroor te argumenteer.  Hierdie beginsel is baie moeiliker as wat dit lyk en sal 'n keuse vereis wat gebaseer is op beginsels, omdat nadat jou gevoelens opgesweep is, is om dit nie te kan uitspreek nie, die laaste ding wat jy wil doen.  Julle sal julle behoefte om uitdrukking te gee aan julle gevoelens moet beheer, en die meeste van ons is nie gewoond daaraan om dit te doen nie.  Ek kan julle waarborg dat dit nie 'n aangename ding is om die eerste paar keer te doen nie, maar die gevolg van hierdie oefening in selfbeheer sal uiteindelik vrugte afwerp.  Net om nie die gevolge te dra van woorde wat in woede geuiter word nie, is enige persoonlike ongemak werd wanneer daar halt geroep word en die bespreking uitgestel word tot 'n ander tyd.  Om saam te stem om 'n ruskansie te neem, voorkom nie slegs dat 'n gesprek in kwetsende beskuldigings ontaard nie, maar dit maak elke persoon ook meer gewillig om te luister na moeilike kwessies van die een wat hulle liefhet, omdat hulle weet dat hulle die bespreking kan beëindig indien dit vir hulle te veel

word.

“Psalm 60:5 sê, ‘U het u volk harde dinge laat sien; U het ons bedwelmende wyn laat drink.’ Indien u kommunikasie begin, regte openlike kommunikasie, kan u drink van die wyn van verbasing wanneer u uitvind wat andere werklik dink. U sal tyd nodig hê om met hierdie nuwe gedagtes te worstel.

“Wanneer ons eis dat andere onmiddellik terug antwoord sonder tyd vir oorweging, indien daar druk op hulle geplaas word om in die hitte van die oomblik te reageer, sal hulle heelwaarskynlik verkies om die normale menslike neiging te volg deur hulleself te regverdig en te verdedig. Daardie selfde persoon kan egter miskien nederig erken dat hy verkeerd was en om verskoning vra indien hy tyd gegun word om die saak biddend te oorweeg. Ons houding teenoor hulle, en die verdraagsaamheid wat ons in ons gesprek demonstreer, het baie te doen met hulle gewilligheid om te reageer en wat hulle reaksies sal wees.

“Ek weet dat ek julle oorlaai het met baie inligting, Marvin, maar ek wil nog een laaste beginsel deel vir die ontwikkeling van effektiewe kommunikasie. Dit is so wesenlik van die Christelike lewe dat julle miskien sal wonder waarom ek dit noem, maar dit is iets wat ons almal neig om te doen – om foute van die verlede te koester. Wanneer ons gekonfronteer word met ‘n probleemarea in ons lewe, is dit die algemene neiging om die ander persoon se foute van die verlede op te haal in plaas daarvan om die kwessie wat ter sprake is, te hanteer. Indien Sally bekommerd is oor my humeur, sal dit enigsins die situasie help indien ek haar gebrek aan stiptelikheid bespreek? Dit beteken nie dat u nie sake van die verlede kan hanteer nie, maar daar is ‘n tyd en plek vir alles, en wanneer sy oor my humeur wil gesels, is dit onvanpas om haar gebrek aan stiptelikheid ter sprake te bring. Indien daar kwessies is wat nie behoorlik in die verlede hanteer is nie, het

daardie selfde karakterswakhede die neiging om weer ter sprake te kom en huidige kwessies te veroorsaak. Dit is dan die tyd om dit te hanteer. In die huwelik is dit baie maklik om te vergeet dat ons man of vrou vandag anders is en om hulle nog steeds soos in die verlede te beskou, sonder waardering vir die groei en veranderinge wat hulle gemaak het, selfs al is dit slegs klein dingetjies.

Laat my afsluit met die woorde van ‘n jongdame wie se ouers hierdie beginsel van kommunikasie geneem het en dit gebruik het om ook vreugde in hulle huis te bring.

*Om te leer om op ‘n nuwe en verskillende manier te kommunikeer,*

*Om argumente agter te laat, elke dag in skoppelmaaityd te verkeer.*

*Dit sal waarlik u huwelik verander wanneer julle met mekaar redeneer*

*Julle harte oopmaak vir liefde en genade, heen en weer.*

- Janice Van Petten

## H O O F S T U K   4
## VERWYDER DIE DORINGS

*“Omdat by hulle geen verbetering is*
*en hulle God nie vrees nie.”*
- Psalm 55:20

Elkeen van ons koester karaktertrekke en gedragspatrone wat die een wat ons liefhet irriteer soos ‘n doring in hulle vlees. Om hierdie te verwyder, is ‘n noodsaaklike deel van ons Christelike wandeling. Om praktiese vooruitgang in ons lewens te sien, is belangrik vir beide ons eie aanmoediging en vir die ontwikkeling van andere.

Ek hou daarvan om hout te kap; daar is net iets oor die taak wat my op ‘n diepe en persoonlike manier bevredig. Voordat julle nou egter dink dat ek te lank in die wildernis bly, laat ek verduideilk. Ek weet dit is harde werk, en dit is gedeeltelik waarom ek daarvan hou, maar dis nie al nie. Daar is iets anders, iets dieper, meer wesenlik en moeliker om in woorde uit te druk, maar nietemin tasbaar en werklik.

Vir my, verteenwoordig hout vryheid en onafhanklikheid. Dit is ‘n bevredigende gevoel om selfvoorsienend te wees deur te weet dat ons ons huis kan verhit, ons kos kan kook, en lang warm storte kan neem, alles slegs vir die prys van ons arbeid. Bo en behalwe die praktiese ekonomiese oorwegings, is daar iets byna geheimsinnig omtrent ‘n vuur. Uit gewone stukke hout vloei lig en hitte in ‘n fasinerende, altyd-veranderende vertoon van flikkerende kleure en knetterende stemme. ‘n Vuur leen homself tot intimiteit, verban voorgee en open die gemoed van almal wat daarom vergader is. Selfs wanneer jy alleen in die wildernis is, maak ‘n vuur ‘n uiters goeie kameraad om die aand mee deur te

bring, word nooit moeg van jou teenwoordigheid nie, terwyl dit terselfdertyd jou diepste geheime verlig en deel.

Met hierdie houding van hulle vader het my seuns vinnig geleer om houtkap te geniet, en teen die tyd dat hulle tien en twaalf was, was daar byna niks wat hulle meer geniet het as om te help met die hout nie. En waarom nie? Ek dink die drang om ‘n bestaan uit die grond te maak, om in die wildernis te oorleef, is so ingebore en Amerikaans soos appeltert. Mense rondom die wêreld kan hulleself vereenselwig met my wildernisverhale, miskien omdat ‘n lank-sluimerende fundamentele instink bekende drade van lewe herken, lank reeds vir ons verlore in daardie gelukkige Edentuiste waarheen ons almal ons oorsprong navors. Ek glo regtig dat elke man, tot ‘n sekere mate, die begeerte het om te leef volgens die ruwe ideaal daarvan om ‘n “ware man” te wees, en my seuns, so jonk as wat hulle was, het daarvan gehou om hout te kap juis omdat dit die “manlike” ding was om te doen.

Ongelukkig het hulle ouderdom, grootte, en oordeel wat nog besig was om te ontwikkel, hulle die geleentheid ontneem om die kettingsaag te gebruik en was dit vir hulle onmoontlik om die hout te kloof. Hulle was egter behulpsaam met die laai, aflaai en verpakking van die hout wat ek gekloof en gekap het. Ek het hulle geselskap geniet, en ek is seker dat hulle dit geweet het.

Dit was op een van hierdie houtinsamelingsekspedisies dat Andrew ‘n stuk gesplete hout deur sy hande laat glip het, en terwyl dit afgly grond toe, het ‘n groot, en ek bedoel groot, splinter in sy hand gesteek. Dit was regtig baie seer. Ek het geweet dit moes wees. Ek het so jammer vir die kind gevoel omdat ek hierdie groot splinter in sy hand kon sien steek, en my eerste reaksie was om dit te verwyder. Andrew wou niks daarvan weet nie, en daarom het ek voorgestel dat sy moeder dit moes doen. Sy is per slot van sake ‘n geregistreerde verpleegster en ek was seker dat sy baie saggies te werk sou gaan. Maar net die

gedagte daaraan om dit te verwyder, was vir hom onaanvaarbaar. Hierdie splinter, hierdie doring in sy vlees, was pynlik, maar die idee daarvan om dit te verwyder, was nog pynliker. Elke ouer kan hulle vereenselwig met sy of haar kind wat ‘n splinter in sy vlees gehad het, en baie ma’s en pa’s het ‘n kind vasgedruk en met baie wanaangewende krag die splinter verwyder. Ek en Sally het egter besluit dat op tienjarige ouderdom, Andrew oud genoeg was om ‘n belangrike les in die lewe te leer, en as hy dit nie wou laat verwyder nie, sou ons wag totdat hy wou. Ons het geweet wat sou gebeur, en ons het vir Andrew verduidelik dat sy hand gaan opswel en sweer, soos wat sy liggaam sou probeer om self ontslae te raak van die vreemde voorwerp. Dit sou sy hand nog seerder maak en tensy sy liggaam die splinter verwerp, sou die infeksie die stadium bereik waar sy hand afgesit sou moes word.

Ek en Sally het egter geen voorneme gehad om toe te laat dat dinge sover gaan nie. Ons was vol vertroue dat die pyn in die hand hom sou oorreed om die splinter te laat verwyder lank voordat hy die gevaarsone sou bereik, en dit is presies wat gebeur het. Dit het slegs ‘n paar dae van pyn en infeksie geneem voordat Andrew sy moeder byna verleë genader het en sy beseerde hand na haar uitgesteek het vir haar simpatieke versorging en die verwydering van die splinter.

Die gedagte om die splinter te verwyder, was nog steeds angswekkend. Groot trane het in sy oë geblink, maar hy het probeer om dapper te wees. In ‘n ongelooflike kort, maar pyngevulde tydjie was die splinter uit. Die verwydering daarvan het vir Andrew bietjie pyn en lyding besorg. Om die splinter te verwyder, het hom waarskynlik trane gekos, maar ek sal dit nie bevestig nie, want vir my was hy ‘n held. Hy het uit sy ondervinding geleer en het ‘n klein bietjie seerkry verkies sodat hy die groter plesier kon ervaar van ‘n lewe sonder die pyn en irritasie wat die splinter veroorsaak het. Deur dit te doen, het hy

duidelik die probleem gedemonstreer wat in baie, indien nie alle huwelike bestaan. Anders as Andrew het ons nie geleer om die splinters te verwyder nie, en ons hou aan om onnodig te ly.

Wat is die splinters of dorings in u huweliksmaat wat u daagliks irriteer of seermaak? Ek wed dat selfs terwyl u hierdie lees, een of twee in u gedagtes opkom. Indien wel, het u ‘n paar dorings wat uit u huwelik verwyder moet word. Wat gewoonlik gebeur, is dat ons na hierdie dorings kyk en elke keer wat ons aan hulle raak, is hulle so pynlik dat ons eenvoudig probeer om die doring in die toekoms te vermy. Soos wat die jare verbygaan, vind ons meer en meer dorings en hulle raak al hoe pynliker, totdat ons uiteindelik amputasie verkies en ons maat skei omdat ons nie weet hoe om hulle te verwyder nie of omdat ons te bang is om te probeer. Dan soek ons na ‘n nuwe maat, wat ons baie naïef glo, geen dorings sal hê nie. Ons leef natuurlik in ‘n droomwêreld wanneer ons dit dink. Ons nuwe maat kan ‘n ander stel bagasie hê as die eerste een, maar ons sal dieselfde proses weer van voor af oor begin. Hoeveel beter is dit nie om dit wat ons het te herstel nie, en ek glo nie dat dit beteken dat ‘n mens jou verwagtinge moet aanpas en moet leer om gelukkig te wees in ‘n minder ideale situasie nie.

Dit maak nie saak hoe hopeloos u huwelik lyk nie, u kan dit verander om beter te wees. Dit sal nie in ‘n week gebeur nie. Dit is eerder ‘n voortdurende proses wat u op die pad na verandering sal plaas en wat miskien, net miskien, die hoop sal herstel dat dinge anders tussen u en u huweliksmaat kan wees.

Vriende, dit kan vir u ook werk. Verwyder die dorings uit u verhouding, en wanneer u van een ontslae geraak het, verwyder die res een na die ander. Binne ‘n jaar sal u vind dat u vier, ses, of selfs agt dorings hanteer het, en baie min verhoudings het meer as dit. Dit is ‘n eenvoudige metode maar so belonend. Mag God u lei terwyl u God toelaat om Sy goddelike doringtangetjie uit

te haal en die proses te begin om die dorings in u lewe te verwyder.

# CHRISTELIKE RIGLYNE VIR DIE HUWELIK

Wanneer ernstige persoonlike areas hanteer word, kan dit moeilik wees om emosies van feite te skei. Te dikwels neig ons om onsself te regverdig eerder as om eerlik na die oorsaak-en-gevolg in ons verhoudings te kyk.

- Soek die wysheid van God en ‘n gewilligheid van gees wat die boodskap aan u sal openbaar wat Hy vir u het. Soek na oplossings.
- Bestee spesiale tyd saam met u egmaat en met God. Maak u godsdienslewe meer as ‘n formaliteit. Maak seker dat u daarna streef om God as ‘n individu te ken.
- Vra God om u vryheid van denke te skenk ten einde u werklik te laat sien wat u huwelik deur Sy krag kan word.
- Vra God om u ‘n helder verstand te gee om in herinnering te roep wat so spesiaal oor u verhouding was.
- Wanneer u na God soek, dink oor hoe dit vir Adam en Eva moes gewees het toe God saam met hulle in die Tuin gewandel het.
- In u stiltetyd met God, vra Hom om u te help om die beginsels van effektiewe kommunikasie te ontwikkel. Gebruik hulle as effektiewe gereedskap onder Sy leiding.
- Vra God om die verdedigende houding wat so eie is aan die sondige vlees wat ons almal deel, weg te neem, en om u ‘n gevoel van objektiwiteit te gee.
- Kom nader aan God en streef daarna om Hom te laat oorneem, sodat u elke dag kan ingaan onderworpe aan Hom en gewillig om openlik en objektief u maat se standpunt te oorweeg.
- Vra vir goddelike hulp met die verwydering van die dorings wat deel is van ons ou en sondige maniere en houdings.

- Geniet elke dag saam met u egmaat en met God. Verheug u daarin dat u die proses van verandering begin het. Dit is die beste bewys dat God in u lewens werk.